# Ek's In

# Deel 3 – Groei in Geloof

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

**Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?**

## Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Is jy 'n persoon wat van verandering hou? Verduidelik?**

**As jy vir iemand moes verduidelik wat geestelike groei is, hoe sou jy dit in jou eie woorde verduidelik het? Hoe weet 'n mens as jy geestelike gegroei het?**

**As jy terugkyk oor jou geestelike lewe, watter praktyke of gewoontes het jou gehelp om geestelik te groei? Hoekom dink jy het dit bygedra tot jou groei?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**2 Timoteus 3:16-17. Op watter manier help die Bybel ons om geestelik te groei?**

---

**1 Timoteus 4:7. Wat dink jy beteken dit om te oefen aan ons toewyding? Hoekom dink jy is oefening nodig vir 'n toegewyde lewe?**

---

**Lees 2 Petrus 1:3 in verskillende vertalings. Wat dink jy beteken dit dat ons alles het wat nodig is vir 'n goddelike lewe? Wat dink jy is nodig vir 'n goddelike lewe? Hoe beïnvloed hierdie waarheid hoe jy dink oor jou potensiaal om geestelike te groei?**

---

**Johannes 15:2, 8, 16. Hoekom dink jy is dit God se begeerte dat ons vrug dra en selfs meer vrug dra in ons lewe? Wat dink jy behels snoei vir meer vrug in ons geestelike lewe?**

---

**Die Bybel noem dat ons moet groei in 'n paar verskillende areas: *Genade, Geloof, Liefde, Kennis, Heiligheid, Vrug, en Vergenoegdheid (Sien verse aan onderkant*).* Hoekom dink jy stop baie mense by "groei in kennis" as hulle dink aan geestelike groei? In watter van hierdie areas dink jy het jy nodig om te groei in jou geestelike lewe? Wat kan jy doen om daarin te groei?**

---

** 2 Petrus 3:18; Kolossense 1:9-10; Hebreërs 5:14; 1 Korintiërs 14:20; 2 Korintiërs 7:1; Hebreërs 12:14; 1 Petrus 1:15-16; Johannes 15:2, 8, 16; Kolossense 1:10; Filippense 1:9; 1 Tessalonisense 3:12; 4:9-10; 2 Tessalonisense 1:3; 2Korintiërs 10:15; Filippense 4:11*

**Lees Hebreërs 3:1 en Kolossense 3:2. Hoe kan jy Jesus voor oë hou in hierdie week? Wat kan jy prakties doen om meer gereeld aan Jesus te dink regdeur jou dag?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**